« Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie »

# SUIKERRIET OEMFF® Gen 2

Kynoch

## Naam:

**Suikerriet OEMFF® Gen 2**

## Eienskappe: (Wat):

'n Fyn, hoogs oplosbare en plantbeskikbare blaarvoedingsproduk

| Suikerriet OEMFF® Gen 2 | N | P | K | Mg | S |
|---|---|---|---|---|---|
| Makro-elemente (g/kg) | 92 | 56 | 87 | - | - |
| Sekondêre elemente (g/kg) | - | - | - | 22 | 30 |

| Suikerriet OEMFF® Gen 2 | Fe* | Mn* | Zn* | Cu* | B | Mo |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Spoorelemente (mg/kg) | 3 550 | 1 130 | 1 900 | 690 | 730 | 120 |

* = cheleerd

## Voordele (Hoekom):

- Ofskoon daar genoegsame voedingstowwe in die grond teenwoordig kan wees, kan suikerriet steeds weens ander redes, tekorte ondervind.
- Blaarvoeding verskaf noodsaaklike voedingstowwe direk aan die plant.
- Die absorpsie van voedingstowwe deur die blare is heelwat meer doeltreffend as deur die wortels.
- **Suikerriet OEMFF®** is sodanig geformuleer om aan die spesifieke vereistes van 'n suikerrietplant te voldoen. Party voedingstowwe is belangriker as ander tydens spesifieke groeistadiums.
- Makro-, sekondêre- en mikro-voedingstowwe word aan die suikerrietplant voorsien.
- **Suikerriet OEMFF®** verhoog die doeltreffendheid van die suikerrietplant deur byvoorbeeld wortelontwikkeling te stimuleer en chlorofilproduksie vir fotosintese te ondersteun.
- Onder normale omstandighede is slegs een suikerrietblaar-voedingsproduk is in die spuittenk nodig.

**Suikerriet OEMFF®**
**Reg No K10089**
**Kunsmisgroep A**
**BLAARKUNSMIS**

## Toediening (Hoe):

- Maak 'n voorafmengsel met skoon, drinkbare water en verdun na 'n maksimum van 3% oplossing (3 kg per 100 liter) met skoon drinkbare water en meng goed totdat die produk heeltemal opgelos is.
- Dien toe teen 4 tot 6 kg/ha as 'n blaarbespuiting vir verbeterde groei en ontwikkeling gedurende die stoel- tot volledige blaredak en ook die hoofgroei-groeistadium.
- Kan ook deur oorhoofse besproeiing tydens die bogenoemde groeistadiums teen 8 tot 12 kg/ha toegedien word.
- Dien toe op aktief-groeiende suikerriet.
- Dit is die beste om vroegoggend of laatmiddag toe te dien om maksimum absorpsie te verseker.
- Moenie toedien wanneer temperatuur 30 °C oorskry nie. Dit moet ook nie op verlepte plante, of suikerriet wat droogtestremming ervaar, toegedien word nie.

## Gebruike (Waar):

- **Suikerriet OEMFF®** kan as 'n algemene aanvulling gebruik word.
- Die produk is voordelig indien dit toegedien word voordat die suikerrietplant blootgestel word aan stremmings soos versuip, droogte, hitte, koue, ryp, hael of chemiese middels of is veral voordelig nadat hierdie stremmings ondervind is om die gewas te help om vinniger te herstel.
- Kan onder baie hoë of baie lae grond pH-toestande gebruik word waar spesifieke mikro-voedingstoftekorte verwag word, of waar grondtoestande die opname van sekere voedingstowwe deur die wortels kan verhinder.
- Die gebruik van **Kyno$_\mu$Algae™** tesame met **Suikerriet OEMFF®** word aanbeveel om die prestasie van die gewas verder te verbeter.

**Let wel: Blaarbespuitings moet in kombinasie met, en as ondersteuning van gewone kunsmispraktyke, gebruik word.**

Farmisco (Edms) Bpk h/a Kynoch Fertilizer
Reg nr: 2009/0092541/07

Tel: 011 317 2000 • Faks: 011 513 0034 • www.kynoch.co.za • info@kynoch.co.za
Posbus 3836, Randburg 2125 • 1ste Vloer, ETG House, Wierdaweg Oos 62, Sandton, 2146
Suikerriet OEMFF® K10089 (Wet 36 van 1947).